# GOEDKEURINGSPROSES TEN OPSIGTE VAN DIE OMGEWING VIR DIE VOORGESTELDE ONDERGRONDSE MYN, PLATREEF, NABY MOKOPANE IN DIE LIMPOPO-PROVINSIE

*NOBW-verwysingsnommer: 12/1/9/2-W32; LIM/EIA/0000538/2013, NWA-verwysingsnommer: 12/9/11/L1224/5, WOMP-verwysingsnommer: LP30/5/1/2/2/10067MR*

**Beskrywing en ligging van die projek**

Hiermee word kennis gegee van 'n omgewingsproses volgens regulasies, wat onderneem word vir 'n voorgestelde ondergrondse myn wat ongeveer 8 km noord-oos van die dorp Mokopane, in die landdrosdistrik van die Mogalakwena Plaaslike Munisipaliteit, binne die Waterberg-distrikmunisipaliteit van die Limpopo-provinsie, geleë sal wees. Platreef Resources (Pty) Ltd. (Platreef), het aansoek gedoen om mynregte op Turfspruit 241 KR en Macalacaskop 243 KR.

**Goedkeuring**

**Die volgende omgewingsgoedkeuring word onderneem volgens die vereistes van die:** • Nasionale Omgewingsbestuurswet (Wet 107 van 1998) (NOBW) en die verwante genoemde aktiwiteite, soos gewysig, vir 'n evaluering van die invloed op die omgewing. Limpopo se Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake (LDOS) is die besluitnemingsowerheid • Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne (Wet 28 van 2002) (WOMP) vir 'n aansoek om mynregte. Limpopo se Departement van Minerale Hulpbronne (DMH) is die besluitnemingsowerheid • Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) (NWW vir 'n geïntegreerde watergebruiklisensie (GWGL). Die Departement van Waterwese (Limpopo-provinsie) is die besluitnemingsowerheid; en • Wet op Nasionale Afvalomgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (WNA) vir 'n geïntegreerde afvalbestuurslisensie. Die Departement van Omgewingsake (DOS) is die besluitnemingsowerheid.

**Konsepverslag oor omvang van die projek**

Die Konsepverslag oor die omvang van die projek vir NOBW én WOMP word vir openbare insae beskikbaar gestel van **21 Junie tot 1 Augustus 2013.**

| Gedrukte eksemplare | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Plek** | **Telefoonnommer** |
| Rifilwe Madisa | Mogalakwena Openbare Biblioteek, hoek van Van Riebeeck- en Pretoriusstraat | 015 491 9729 |
| Lucy Mashetisho | Mahwelereng Openbare Biblioteek, Mahwelereng Village | 078 628 3326 |
| **Elektroniese eksemplare** | | |
| Steve Horak | www.digbywells.com | 011 789 9495 |
| Steve Horak | Skakel en vra 'n eksemplaar op laserskyf (CD) aan | 011 789 9495 |

**'n Openbare vergadering word gehou**

| Datum | Plek | Tyd |
|---|---|---|
| Sondag, 7 Julie 2013 | Magongoa Village, oop veld, markiestent | 09:00 – 11:00 |

**Openbare deelname**

Platreef het Barnstone aangestel om alle konsultasieprosesse te koördineer. Platreef het verder Digby Wells Environmental (in samewerking met Golder Associates Africa) aangestel as die onafhanklike omgewingskonsultant om die vereiste navorsing te doen en die goedkeuringsprosesse vir die omgewing ten opsigte van die projek te hanteer volgens die vereistes van NOBW, WOMP, NWW en MPRDA, NWA en NWA. Indien u wil registreer as belanghebbende party en party wat beïnvloed word, asook om verdere inligting of kommentaar oor die voorgestelde projek te ontvang, moet u asseblief met Digby Wells Environmental skakel.

**Digby Wells Environmental**
**Steve Horak of Lerato Ratsoenyane**
**Tel: (011) 789 9495**
**Faks: (011) 789 9498**
**E-pos: steve.horak@digbywells.com of lerato.ratsoenyane@digbywells.com**
**Posadres: Privaatsak X10046, Randburg 2125**
**www.digbywells.com**

**Projeknommer: PLA1677**

DIGBY WELLS ENVIRONMENTAL

7606